



Bou ons kinders vir môre

Konfirmasie 1

**Lestitel: Die betekenisvolheid van die Romeinse keiser
Konstantyn**

'n Ouerhandleiding

Sondagskooltuisonderrig



Liewe Ouer

Welkom by die les: “**Die betekenisvolheid van die Romeinse keiser Konstantyn**”

Hierdie dokument gee u 'n basiese handleiding oor hoe die les aangebied kan word.

Hoe om vir die les voor te berei en dit aan te bied

Hier volg 'n paar wenke vir voorbereiding en aanbieding:

Stap	Aksie
1.	Verkry toegang tot die webtuiste van die Nuwe Apostoliese Kerk deur die volgende in te sleutel of deur op die volgende WhatsApp-skakel te druk: https://bit.ly/3NACSSHS
2.	Versamel die volgende hulpmiddels om te verseker dat u vir die les gereed is: • Bybel • Die les in PDF-formaat wat reeds voorberei is • Kind se werkboek, potlode, kryte, ens. • Die kort video, wat 'n addisionele / opsionele hulpmiddel is • Kategismus in Vrae en Antwoorde (veral vir Konfirmasie) Nota: 2.1: Die ideale tyd om die les aan te bied is na die Sondagoggendgodsdien, om sodoende in lyn met die normale Sondagskooltyd roetine te behou. 2.2: Hou die les so bondig (kort) moontlik. Hou die aandagspan (om te fokus op die les) van ons kinders in gedagte. U ken u kind die beste! Normaalweg duur Sondagskool nie langer as 45 minute nie. 2.3: Die les is vir 'n spesifieke klas (Sondagskool (SS), Godsdiensonderig (RI) of Konfirmasie (Conf)). 2.4: Kontak gerus u Konfirmasieonderwyser indien u ondersteuning vereis of van bogenoemde hulpbronne benodig.
3.	Bid (sien die gebed aan die einde van hierdie dokument) en vra God om u as instrument te gebruik om die les aan te bied soos Hy dit wil hê.



Bied 'n Sondagskoolles tuis aan

Hoe om vir die les voor te berei en dit aan te bied

Ons gaan voort om 'n paar wenke te gee rakende voorbereiding en aanbieding:

Stap	Aksie
4	Skep 'n aangename en steurnisvrye leeromgewing waar u en die kind / kinders op dieselfde vlak kan wees. Voorbeeld: Sit op 'n mat of om 'n tafel.
5	Lees die les deur. Lees weer deur die les sodat u dit verstaan. Kyk na die kort video van die les om 'n beter begrip van die les te kry.
6	Maak vir jouself aantekeninge oor belangrike punte wat jy graag wil onthou.
7	Verstaan die doelwit van die les, wat deur u kind onthou moet word.
8	Bied die les vir u kind aan.
9	Wys vir jou kind die video en bespreek die betekenis daarvan.
10	Verwys u kind na die aktiwiteit in die kind se werkboek (Ek wil ook ...)
11	Bid of vra u kind om te bid om sodoende die les af te sluit.

Beskikbare hulpmiddels vir tuisonderrig

Hiermee 'n paar hulpmiddels om die gehalte van die les te verbeter:

1. Gesels via WhatsApp met 'n ander Sondagskoolfamilie.
2. Bespreek die les met ander ouers om duidelikheid te kry voordat dit aangebied word.
3. Dit staan u vry om self navorsing te doen vir addisionele(ekstra) inligting.



Die Les

Lestitel

Die betekenisvolheid van die Romeinse keiser Konstantyn

Lesdoelwit

Die kinders leer oor die verandering in die stand of ingesteldheid van die Romeinse keisers teenoor die Christelike kerk.

Lesopsomming:

- ☐ Die Romeinse keisers (heersers) het die mag gehad om die godsdien van hul volk te bepaal.
- ☐ Baie wette rakende die beoefening van godsdien wat deur die keisers aanvaar is, was in stryd met God se gebooie.

☐ Getroue Christene het nie hierdie wette gevolg nie.

☐ Christene het diskriminasie, vervolging, tronkstraf en selfs die doodstraf in die gesig gestaar.

Die keiser, Constantine, wat van 306 tot 337 regeer het, het die beoefening van die Christelike geloof toegelaat. Baie veranderinge is vir Christene teweeg gebring:

☐ Christene is nie meer vervolgt nie.

☐ Kruisiging as doodstraf is afgeskaf.

☐ Christene kon in die openbaar vergader en godsdienste hou.

☐ Keiser Konstantyn het beveel dat Sondag die gewone rusdag sal wees.

☐ Hy moedig die bevordering van Christene tot hoër poste aan.

☐ Die biskoppe uit die provinsiale hoofstede was aan die hoof van die predikante geplaas.

☐ Constantine het aan die biskoppe regsmagte gegee. Hulle kon uitsprake lewer en dit afdwing.

Wat het gebeur toe die keiser die opsieners sulke magte gegee het?

☐ Die biskoppe is in die samelewing erken en gerespekteer.

☐ Hulle het sekere voordele gehad in vergelyking met die res van die bevolking.

☐ Omdat hulle egter spesiale behandeling gekry het, het die biskoppe verplig gevoel om kerklike aangeleenthede te hanteer op 'n manier wat die keiser behaag.

☐ Die kerk was nou sterk beïnvloed deur die keiser.

'n Skeiding tussen 'n oostelike en westelike kerk:

☐ Die hoofstad van die Romeinse Ryk was nog altyd Rome.

☐ Keiser Konstantyn het egter sy regeringsetel na Bisantium verskuif.

☐ Hy het dit herbou tot 'n manjifieke stad en dit is tot sy eer Constantinopel genoem.

Vandag word dit Istanbul genoem.

☐ Die biskoppe van Rome en Bisantium het die twee magtigste mense in die Romeinse ryk geword.

☐ Die biskop in Rome het homself "pous" (afgelei van papa) genoem.

☐ Gedurende 'n tydperk van eeue het die pous in Rome en die patriarg in Konstantinopel geveg vir oppergesag oor die Christendom.



- ☐ Na vele botsings het daar in 1054 'n skeuring tussen die oostelike en 'n westerse kerk gekom.
- ☐ Die oostelike kerk het homself Ortodokse Kerk genoem (ortodoks beteken dat jy die korrekte of konvensionele standpunt inneem).
- ☐ Die westerse kerk het homself Rooms-Katolieke Kerk genoem (Katoliek beteken universeel).

Ten slotte, keiser Konstantyn het toegelaat dat die Christelike geloof beoefen word en die vereniging van die staat en die kerk het baie goeie veranderinge teweeggebring. Die Christendom het gegroei, maar die kerk was sterk deur die keiser beïnvloed. Die biskoppe wat aan die hoof van die kerk was, het baie magtig geword. Dit het 'n magstryd teweeg gebring en uiteindelik het die kerk in twee groot Christelike kerke verdeel, naamlik die Ortodokse Kerk en die Rooms-Katolieke Kerk.

Wat beteken hierdie les vandag vir ons?

- Die Romeinse keisers het hul standpunt teenoor die Christelike kerk verander.
- Dit het 'n negatiewe en 'n positiewe uitwerking gehad:
 - ☐ Positief: Christene kon hul geloof beoefen; hulle is nie meer vervolgt nie
- Negatief: Die keiser het 'n sterk invloed op die kerk gehad. Hy het die biskoppe mag gegee, wat op hulle beurt kerklike aangeleenthede hanteer het op 'n manier wat die keiser en nie vir God behaag nie.
- Hierdie Christelike kerk het in twee groot Christelike kerke verdeel: die Ortodokse en die Rooms-Katolieke Kerk.

Doen oefening 1 en 2 saam met u kind.

Antwoorde op die oefeninge:

Oefening 1:

Gedurende die eerste drie eeue, na Christus se geboorte, was die Christelike geloof vir baie burgers van die Romeinse Ryk vreemd en was hulle van nature agterdogtig.

Die Christene wou nie die heidense gode aanbid nie, omdat hulle die Eerste Gebod sou verbreek het. Aanbidding van heidense gode is deur die wet bepaal. Daarom is die Christene destyds vervolgt. Van Romeinse keisers se doel was om die Christene heeltemal te vernietig. Nietemin, aan die einde van die derde eeu het baie mense in die Romeinse Ryk reeds Christenskap bely, en daar is nog altyd meer bygevoeg. Die Christendom het groot betekenis gekry. Keiser Konstantyn wou die groot groep Christene vir homself wen om sy mag en die eenheid van die ryk te verseker. In die jaar 313 is aan Christene dieselfde regte as die heidene verleen deur middel van die Edik van Milaan.

Oefening 2

Ja, wees almal onderdanig aan mekaar en beklee julle met nederigheid, want God weerstaan die hoogmoediges, maar gee die nederiges genade.



'n Gebed vir Pappa en Mamma om voor die les te bid:

Almagtige God, baie dankie vir hierdie dag

Seën alle ouers en kinders

Mag ons u teenwoordigheid aanvoel

Seën die les wat ons gaan hê

Leer ons hoe om U te dien

En help ons om U wil te doen

Sodat ons nader aan U groei

Stuur Jesus om ons te kom haal

En mag ons gereed wees om Hom te ontmoet

Amen



notas
